environmental consultants

KENNISGEWING IN TERME VAN AFDELING 24G VAN DIE WET OP NASIONALE OMGEWINGSBESTUUR, 1998 (WET NO. 107 VAN 1998) VIR DIE REKTIFIKASIE VAN DIE ONWETTIGE VERWYDERING VAN INHEEMSE PLANTEGROEI OP PLAAS 296 MIDDELPOS, NABY PIKETBERG.

UITNODIGING TOT DEELNAME

DEA&DP REF No: 14/1/1/E1/9/10/3/0410/17

Projek Beskrywing: Kennis word hiermee gegee in terme van Artikel 24G gelees met Artikel 24(F)(2)(a) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) dat die aansoeker, Paardekop Boerdery (Pty) Ltd ‘n aansoek om retrospektiewe omgewingsmagtiging aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning ingedien het. Paardekop Boerdery (Pty) Ltd het versuim om die nodige goedkeurings te bekom verwydering / skoonmaak van 24ha inheemse Graafwater Sandsteen Fynbos plantegroei op Plaas 296 Middelpos, naby Piketberg.

Ligging: Plaas 296 Middelpos, is geleë aanliggend die R366 tussen Piketberg en Redelinghuys. Die plaas is verder ongeveer 30km noord van Piketberg geleë.

‘n Aansoek tot ‘n moontlike Omgewings Magtiging, vir uitreiking deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning is huidiglik in proses vir die magtiging van die volgende gelyste aktiwiteite in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet no. 107 van 1998):

Staatskennisgewing No. R. 982 van 04 December 2014, soos gewysig –

- Notering Kennisgewing 1 – Aktiwiteit No: 27;
- Notering Kennisgewing 2 – Aktiwiteit No: 15;

Publieke Deelname Uitnodiging: Indien u as belanghebbende wil registreer en / of kommentaar wil lewer moet u asseblief u naam, addres, kontakbesonderhede, verkose metode van kommunikasie (faks, epos of pos) asook die rede vir u belangstelling stuur na Guillaume Nel Environmental Consultants (GNEC) en ook die relevante GNEC verwysings nommer aandui in alle korrespondensie (20486).

Die korrespondensie kan gestuur word aan Guillaume Nel Environmental Consultants (GNEC), Aandag: **Renier Kapp**, Posbus 2632, Paarl, 7620. Sel: **082 675 5233**, Faks: **(021) 870 1873** of Epos: renier@gnec.co.za ‘n Kopie van die dokument sal beskikbaar gestel word by die Piketberg Publieke Biblioteek vanaf Vrydag 15 Maart 2019 tot en met Dinsdag 16 April 2019.

GESKREWE KOMMENTAAR MOET ASB VOOR OF OP 16 APRIL 2019 GELEWER WORD.